

N.P. van Wyk Louw In die bus afgeluister¹

Langs my kom sit 'n naturel, nie te naby, nie te ver nie, volkome ongeërg. Op die bank voor my sit reeds 'n ander, netjies aangetrek; hy het binnegekom met wat duidelik 'n bottel is in die hand, toegedraai in koerant maar hoegenaamd nie verberg nie. Die kêrel wat langs my sit is ook baie netjies geklee en het so bietjie-bietjie baard; hy het 'n donker-rooi nekdoek aan met wit stippels.

Die kondukteur kom langs. Die naturel langs my begin hom baie stadig en rustig regtrek om te betaal: lig sy knie op, trek die broekspyp hoog op, en toon 'n heldergroen sokkie wat netjies aan 'n ophouer vassit. Hy werk so langzaam dat die kondukteur al by mense voorlangs knip en eers toe almal klaar is, terugkom. My bankgenoot is nog besig: uit die sokkie het hy 'n wit sakdoek getrek en dié vou hy nou omstandig oop; binnein is 'n paar banknote: ek sien 'n vyfpondnoot en 'n paar ponde. Hy haal een van die ponde uit, blaas 'n paar keer daarop, skiet-skiet dit met sy pinkie en presenteer dit dan.

“Why don't you spit on it?”

Stilte.

“How far are you going?”

“Seepunt. Enkel.”

Ek is verbaas dat hy Afr[jikaan]s praat.

“Haven't you got smaller?”

“Ek wil Seepunt toe gaan, en ek betaal.”

“You bl— kaffir . . .” mompel die kond[ukteur,] maar hy begryp seker genoeg Afr[jikaans] om te weet wat Seepunt beteken.

Hier word gehandhaaf, dag ek; en 'n bietjie daarvoor gely. Hoekom het ek self maar ewe laf Camps Bay i.p.v. K[amps]baai gesê?

Die kondukteur gee stadig vir hom sy kleingeld, en hy tel saam, sjieling vir sjieling.

Hy het byna 'n pond in sy hand, en die bus is reeds in Seepunt waar hy moet uitklim. Toe die kondukteur wegstap, hoor ek die naturel[:] “Ek is 'n Vrystater en ôrlaam.” Dit verklaar vir my die handhaaf. En aan die praat kom ek agter dat hy al iets in het. En nou sien hy wat die ander vóór ons in die hand hou.

“Haai, wat het jy daar?” en hy val byna vooroor op die voorste bank.

Geen antwoord.

“Komaan, waar klim jy af?”

Geen antwoord.

“Wie’s jy dan so danig?”

Baie deftig: “I am English alone.”

“Is dit brandewyn?”

Geen antwoord.

“Kom jong, ek gee jou four-and-six vir die bottel wyn!”

Stilte.

“Vyf sjielings!”

Stilte.

My maat lê nou mooi op die ander se skouer.

“Kyk, dis ’n handvol geld! Klim saam met my af.”

Maar die ander hou wat hy het. En nou moet my Vrystater ook afklim – dít onthou hy darem – val-val teen twee wit vroue wat naaste aan die paadjie sit.

1. Getranskribeer deur Mark Sanders uit: N.P. van Wyk Louw, ongepubliseerde holografiese nota-boek 2.X.10 wat gehuisves word in die Dokumentesentrum, J.S.Gericke biblioteek, Universiteit van Stellenbosch.